

'N KENNER VAN DIE EWOLUSIE VAN DIE PERDFAMILIE BESOEK DIE NASIONALE MUSEUM

Dr. C.S. Churcher, direkteur van die Royal Ontario Museum in Toronto, Kanada, het onlangs twee dae by die Museum deurgebring om fossiel-zebras van Florisbad te bestudeer en ook om Florisbad self te besoek.

Hy word beskou as 'n kenner van die ewolusie van die perdfamilie (Equidae) en ook die kameelperde (Giraffidae). Hy is ook betrokke by navorsingwerk in Egipte op fossielvoorkomste vanuit fonteine. Verder is hy ook bekend as 'n Museumkundige en het 'n referaat tydens die onlangse S.A. Museumsvereniging-konferensie te Kimberley, gelewer.



Dr. C.S. Churcher

VAN HAAS TOT HAAS

Hierdie jaar is reeds vyf kursusse in taksidermie by die Nasionale Museum aan skoliere aangebied. Die doel hiervan is om hulle te leer om self diere op te stop vir projekte en klaskameruitstallings, of om dit as 'n interessante stokperdjie aan te wend.

Van meet af was die kinders baie entoesiasties. Die aanvanklike gegril vir bloed en vleis tydens die afslag het gou plek gemaak vir kleingelowigheid toe die vormlose vel skoongemaak moes word. Opmerkings soos "kan dit weer soos 'n konyn lyk?" en "dis dan net 'n spul vere!" het laat deurskemer dat hulle nie veel geloof in dié spulletjie gehad het nie. Hier en daar wou-wou die belangstelling begin kwyn.

Eers toe die kunsliggame voltooi is en daar begin is met die monteer van die velle, het die gesigte weer opgehelder. "Hy lyk nou meer na 'n konyn as toe hy gelewe het!" spreek boekdele oor die tevredenheid van eie handewerk, al is dit nog hier en daar so 'n bietjie krom en skeef.

